29 Mei **Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:7-19**
Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:7-11

Die Here roep jou tot aksie want die tyd is min

'n Mens kry baie leunstoelsportmanne en -vroue. Dit is mense wat passief op die kantlyn of voor die televisie sit om deur ander vermaak te word. Hulle is gewoonlik ook baie gou om die spelers te kritiseer en raad te gee, maar self bly hulle passief. Hulle sit net en toekyk hoe ander aktief en besig is.

In die kerk van die Here kry 'n mens ook leunstoelgelowiges. Dit is mense wat passief toekyk hoe ander besig is. Die Here roep jou egter om aktief te wees, want ons is in die laaste bedeling voor Christus se wederkoms. Daarom moet jy selfbeheersing toepas en nugter wees, sodat jy kan bid. Die tyd tussen Christus se koms en wederkoms is immers 'n tyd van beproewing vir die gelowiges. In dié tyd het jy slegs een toevlug en dit is tot God in die gebed.

Maar bo alles - sê Hy - moet julle mekaar liefhê. Moenie net jou hande uitsteek om liefde te ontvang nie. Nee, jy moet self liefde gee. Jou liefde word sigbaar wanneer jy gasvry is sonder om te kla en ander dien met die genadegawes wat jy van die Here ontvang het.

Ons leef in die laaste bedeling. Gebruik dus die tyd wat nog oor is konstruktief. Kom weg van die kantlyn af. Wees aktief deur aan te hou om te bid en mekaar in liefde te dien. Só gaan jy nou reeds iets beleef van die warmte en die harmonie wat daar eendag op die nuwe aarde sal wees.

Ds C Kruger (Nelspruit)